## 16.11 RAPPORT 5 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – NOORD EN OOS-AFRIKA (Artt 52, 53)

## 16.11 REPORT 5 – DEPUTIES ECUMENICITY INTERNATIONAL – NORTH AND EAST AFRICA (Arts 52, 53)

A. Ds HS Coetzee stel die Rapport.
Rev HS Coetzee tables the Report.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

**Deputate verantwoordelik vir die lessenaar:** Dr HPM van Rhyn (s) en Ds HJP de Beer
**Deputies responsible for the desk:** Dr HPM van Rhyn (c) and Rev HJP de Beer

| | |
|---|---|
| **1. Reformed Church of East Africa (RCEA)** | **1. Reformed Church of East Africa (RCEA)** |
| Ekumeniese eenheid | Ecumenical unity |
| 1.1 *Opdrag*<br>Dat kontak gemaak word en Ekumeniese eenheid gehandhaaf word. Dit is steeds sinvol om Ekumeniese eenheid te handhaaf, aangesien die GKSA steeds 'n groot invloed kan uitoefen en hulp verleen met die oplei van predikante. | 1.1 *Mandate*<br>Contact is to be made and ecumenical unity upheld. It remains meaningful to maintain ecumenical unity, since the GKSA could still exert great influence and offer assistance with the training of ministers. |
| <u>*Vir kennisname*</u> | <u>*To be noted*</u> |
| 1.2 *Uitvoering van opdrag*<br>Ds MKK Maina het die Algemene Sinode van die GKSA in 2015 bygewoon. Daar is egter geen uitnodiging ontvang na Sinodes van die RCEA nie. | 1.2 *Execution of mandate*<br>Rev MKK Maina attended the GKSA's General Synod in 2015, but no invitations were received to attend any of the RCEA's Synods. |
| **Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1 and 1.2 noted.** |
| <u>*Vir besluitneming*</u> | <u>*To be decided*</u> |
| 1.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)* | 1.3 *Recommendations (Mandate for the appointed Deputies)* |
| 1.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid/bande/kontak tussen die GKSA en RCEA. | 1.3.1 Note be taken, with thanks, of the existing ecumenical unity/ties/contact between the GKSA and RCEA. |
| 1.3.2 Dat die eenheid/bande/kontak onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak. | 1.3.2 unity/ties/contact be maintained and fostered by means of *inter alia* mutual visits of Deputies and cooperation at a practical level. |
| 1.3.3 Dat kontak tussen die kerke veral by ekumeniese liggame soos die TEA-konferensie sal plaasvind. | 1.3.3 Contact be made between the churches, especially at ecumenical bodies such as the TEA conference. |
| **Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.3 goedgekeur.** | **Decision: Points 1.3.1 to 1.3.3 approved.** |

| | |
|---|---|
| **2. African Evangelical Presbyterian Churches (AEPC)**<br>Ekumeniese eenheid | **2. African Evangelical Presbyterian Churches (AEPC)**<br>Ecumenical unity |
| 2.1 *Opdrag*<br>Dat kontak met die kerke gehandhaaf en uitgebou word. | 2.1 *Mandate*<br>Contact is to be made and ecumenical unity upheld with the churches. |
| <u>*Vir kennisname*</u><br>2.2 *Uitvoering van opdrag*<br>Die AEPC is ook as lid van die ICRC toegelaat en kontak is met die kerke op die vorige ICRC-konferensie gemaak. | <u>*To be noted*</u><br>2.2 *Execution of the mandate*<br>The AEPC is also a member of the ICRC and contact was made with these churches at the previous ICRC conference. |
| **Besluit: Punte 2.1 en 2.2 kennis geneem.** | **Decision: Points 2.1 and 2.2 noted.** |
| <u>*Vir besluitneming*</u><br>2.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)* | <u>*To be decided*</u><br>2.3 *Recommendations (Mandate for the appointed Deputies)* |
| 2.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid/bande/kontak tussen die GKSA en AEPC. | 2.3.1 Note be taken, with thanks, of the existing ecumenical unity/ties/contact between the GKSA and AEPC. |
| 2.3.2 Dat die eenheid/bande/kontak onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak. | 2.3.2 Unity/ties/contact be maintained and fostered by means of *inter alia* mutual visits of Deputies and cooperation at a practical level. |
| 2.3.3 Dat kontak tussen die kerke veral by ekumeniese liggame soos die TEA-konferensie sal plaasvind. | 2.3.3 Contact be made between the churches, especially at ecumenical bodies such as the TEA conference. |
| **Besluit: Punte 2.3.1 tot 2.3.3 goedgekeur.** | **Decision: Points 2.3.1 to 2.3.3 approved.** |
| **3. Reformed Presbyterian Church in Africa (RPCA) (Uganda)**<br>Kontak | **3. Reformed Presbyterian Church in Africa (RPCA) (Uganda)**<br>Contact |
| 3.1 *Opdrag*<br>Dat Ekumeniese kontak onderhou word en dat die moontlikheid van verder ekumeniese bande ondersoek word. | 3.1 *Mandate*<br>Ecumenical contact is to be maintained and possible further ecumenical ties be investigated. |
| <u>*Vir kennisname*</u><br>3.2 *Uitvoering van opdrag*<br>E-pos kontak met die RPCA word gehandhaaf. Ds Robert Mabonga het ons Algemene Sinode van 2015 bygewoon. Weens finansiële beperkings kon ons Deputate nie hulle uitnodiging na hulle Sinode aanvaar nie. | <u>*To be noted*</u><br>3.2 *Execution of mandate*<br>E-mail contact is being maintained with the RPCA. Rev Robert Mabonga attended the Regional Synod 2015. Due to financial constraints, our Deputies could not accept the invitation to their Synod. |
| **Besluit: Punte 3.1 en 3.2 kennis geneem.** | **Decision: Points 3.1 and 3.2 noted.** |
| <u>*Vir besluitneming*</u><br>3.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)*<br>Daar word aanbeveel dat die kontak gehandhaaf word en dat kontak tussen die kerke veral by ekumeniese liggame soos die TEA-konferensie sal | <u>*To be decided*</u><br>3.3 *Recommendations (Mandate for the appointed Deputies)*<br>It is recommended that contact be maintained and that contact be made at especially at ecumenical bodies such as the TEA conference. |

| | |
|---|---|
| plaasvind.<br>**Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |
| **4. Sudanese Reformed Churches (SRC)**<br>Ekumeniese eenheid | **4. Sudanese Reformed Churches (SRC)**<br>Ecumenical unity |
| 4.1 *Opdrag* | 4.1 *Mandate* |
| 4.1.1 Dat die eenheid gehandhaaf en uitgebou word. | 4.1.1 Ecumenical unity is to be upheld and bolstered. |
| 4.1.2 Dat die nood agv die burgeroorlog voortdurend onder aandag van die kerke gebring word. | 4.1.2 The churches are to be kept abreast of the need created by the civil war. |
| <u>*Vir kennisname*</u> | <u>*To be noted*</u> |
| 4.2 *Uitvoering van opdrag* | 4.2 *Execution of mandate* |
| 4.2.1 Gereelde skakeling het dmv e-pos geskied. Dr PJ Buys beplan om die kerke in Desember 2017 te besoek. | 4.2.1 Regular contact was made via e-mail. Dr PJ Buys plans on visiting the churches in December 2017. |
| 4.2.2 Die nood van die SRC is gereeld dmv van omsendskrywes aan ons kerke gestuur. | 4.2.2 The need of the SRC was regularly communicated to the churches in writing. |
| 4.2.3 Die burgeroorlog en hongersnood in Suid-Soedan duur voort en kerke ly daaronder. | 4.2.3 The civil war and famine in South Sudan continue to the detriment of the churches. |
| 4.2.4 In reaksie op die omsendskrywes en in samewerking met die SDDS is daar ongeveer R80 000 ingesamel vir die noodleningingswerk van die SRC. Kerke wat in die verband bydraes gelewer het is bedank. | 4.2.4 In response to letters and in cooperation with the SDDS approximately R80 000 was raised for aid work for the SRC. The churches who contributed in this regard were thanked. |
| 4.2.5 Die nood van die SRC is onder die aandag van die Diakonale Kommissie van die ICRC en WRF gebring. | 4.2.5 The need of the SRC was brought to the attention of the Diaconal Commission of the ICRC and WRF. |
| **Besluit: Punte 4.1 tot 4.2.5 kennis geneem.** | **Decision: Points 4.1 to 4.2.5 noted.** |
| <u>*Vir besluitneming*</u> | <u>*To be decided*</u> |
| 4.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)* | 4.3 *Recommendations (Mandate for the appointed Deputies)* |
| 4.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid tussen die GKSA en SRC. | 4.3.1 Note be taken, with thanks, of the existing ecumenical unity between the GKSA and SRC. |
| 4.3.2 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak. | 4.3.2 This unity be maintained and fostered by means of *inter alia* mutual visits of Deputies and cooperation at a practical level. |
| 4.3.3 Dat kontak tussen die kerke veral by ekumeniese liggame soos die TEA-konferensie, ICRC en WRF sal plaasvind. | 4.3.3 Contact be made between the churches, especially at ecumenical bodies such as the TEA conference, ICRC and WRF. |
| 4.3.4 Dat die nood van die SRC gereeld onder die aandag van kerke gebring en voorbidding vir die kerke gedoen word. | 4.3.4 The need of the SRC regularly be brought to the attention of the churches and that prayers be offered for the churches. |
| **Besluit: Punte 4.3.1 tot 4.3.4 kennis geneem.** | **Decision: Points 4.3.1 to 4.3.4 approved.** |

| **5. Ruanda** | **5. Ruanda** |
|---|---|
| Ekumeniese kontak | Ecumenical contact |
| 5.1 *Opdrag*<br>Dat kontak met die kerke gehandhaaf en uitgebou word. | 5.1 *Mandate*<br>Contact is to be maintained and fostered with the churches. |
| *Vir kennisname* | *To be noted* |
| 5.2 *Uitvoering van opdrag*<br>Daar is nie verdere kontak met die kerke gemaak nie. | 5.2 *Execution of mandate*<br>No further contact was made with the churches. |
| **Besluit: Punte 5.1 en 5.2 kennis geneem.** | **Decision: Points 5.1 and 5.2 noted.** |
| *Vir besluitneming* | *To be decided* |
| 5.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)* | 5.3 *Recommendations (Mandate for the appointed Deputies)* |
| 5.3.1 Dat kontak met die Gereformeerde Kerke in Ruanda op ekumeniese liggame soos die TEA sal geskied. | 5.3.1 Contact is to be made with the Reformed Churches in Ruanda, especially at the TEA Conference. |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |

D. **Groeteboodskap ds P Jok van die Sudanese Reformed Churches (SRC)**

Ds P Jok dra die groete van die SRC aan die vergadering oor waarna dr HPM van Rhyn, ‘n dankwoord aan hom rig, in gebed aan die Here opdra en wens hom ‘n voorspoedige vlug toe.

**Greeting Rev P Jok of the Sudanese Reformed Churches (SRC)**

Rev P Jok delivers the greeting from the SRC to the meeting after which dr HPM van Rhyn directs a word of thanks at him, entrusts him to the Lord in prayer, and wishes him a safe journey home.